# Afrikaans

WEEK 3

DONDERDAG

## Graad 5

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Idiome (p.72)

**Leer die idioom en sy betekenis en skryf dit 3 keer uit. Teken ook 'n prentjie om by die idioom te pas.**

Idioom: Wys wat in jou steek.

Betekenis: Wys waartoe jy in staat is.



# Spel

**Soek die volgende woorde se betekenis op in ‘n woordeboek of google dit. Skryf die woord 5 keer uit en maak ‘n goeie sin met die woord.**

5) boelie
6) huil
7) dadelik

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Taalleer

## INTENSIEWE VORME (p.78)

### TAALFOKUS 2: INTENSIEWE VORME

**Intensiewe vorme** is **byvoeglike naamwoorde** waarmee ons nog meer gevoel as gewoonlik wil oordra. Ons gebruik intensiewe vorme om te sê iets is BAIE soos wat ons bedoel.

**Voorbeelde:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| smoorkwaad | bloedrooi | blitssnel | potblou | doodbenoud |
| spotgoedkoop | hemelhoog | grasgroen | pikswart | goudgeel |
| morsdood | kurkdroog | skreeulelik | perdfris | splinternuut |
| stokdoof | spekvet | brandmaer | piepklein | peperduur |
| horingoud | doodstil | bloedjonk | asvaal | dolleeg |
| propvol | boeglam | seepglad | smoorverlief | springlewendig |

**Voltooi die intensiewe vorme in hierdie paragraaf:**

Toe Stanley uitvind dat Hein vir Jana 'n ____________________ duur geskenk gekoop het, skrik hy hom ____________________ lam. Hy en Hein is altwee ____________________ verlief op Jana. Nou is hy ____________________ benoud dat Jana meer van Hein sal hou. Hy koop toe twee bosse rose: twaalf ____________________ geel klein roses en tien ____________________ rooi langsteelrose. Toe hy by Jana kom, is sy keel ____________________ droog, veral toe sy net ____________________ stil bly. Net toe kom Hein ____________________ vinnig om die draai. "Wat dink jy doen jy?" vra hy ____________________ kwaad. Stenley word ____________________ vaal, maar toe Hein hom bestorm, keer hy.


Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ANTWOORDE

peperduur, boeglam, smoorverlief, doodbenoud, goudgeel, bloedrooi, kurkdroog, doodstil, blitsvinnig, smoorkwaad, asvaal

Laerskool Mikro Kopiereg ©

**Voltooi nou die volgende aktiwiteite oor intensiewe vorme en leer die woorde.**



**AF**

1. Baie groen
2. Baie graag
3. Baie verlief
4. Baie soet
5. Baie oud

**DWARS**

1. Baie geel
6. Baie verbaas
7. Baie groot
8. Baie fris
9. Baie vet
10. Baie mak

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ANTWOORDE BLOKKIESRAAISEL:

**AF:** 1) grasgroen 2) dolgraag 3) malverlief 4) stroopsoet 5) oeroud

**DWARS:** 1) goudgeel 6) stomverbaas 7) lewensgroot 8) perdfris 9) spekvet 10) hondmak

**Let op: Intensiewe vorme word meestal as een woord geskryf. Daar is uitsonderings bv. wawyd oop.**

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Lees (p.75,76)

Lees die fabel, Die leeu en die muis, **hardop** vir jouself 3 keer en daarna vir iemand in die huis wat na jou sal luister.

## Teks 2: 'n Fabel met rympies

### Die leeu en die muis

Eendag hardloop Muis oor Leeu se stert.
Leeu is smoorkwaad en trap blitssnel Muis se stert met sy groot poot vas.
"Muisie, muisie, met jou spitsgevreet, nou gaan ek jou darem lekker opeet!"
Die koning van die diereryk brul hard
en grom vir Muis. Muis smeek doodbenoud:
"Koning, grote Koning, los my maar.
Wie weet, eendag help ek jou sowaar."
"Hoe kan 'n piepklein ou muisie soos
jy die groot koning help?" lag Leeu,
maar hy laat tog vir Muis gaan.
'n Paar dae later trap Leeu
in 'n doring. Hy brul van
die pyn! Hóé hard hy ook
al probeer, hy kry nie die
doring uit sy poot nie.
'n Paar dae gaan verby
en die wond begin sweer.
Leeu is buite homself
van die pyn en brul
en ly verskriklik ...



*Blaai om* ➜

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Al die groot diere staan so 'n entjie weg, en voel jammer vir hulle koning wat so swaarkry en die allerverskriklikste pyn verduur. Niemand kan vir Leeu help nie.

Muis hoor van Leeu se probleem en gaan dadelik na Leeu toe. "Ek sal jou help," piep Muis.

"Ag, nie een van die groot diere of my raadgewers kan my help nie. Wat sal jy nou kan doen om my te help?"

Muis sê niks, maar skarrel na Leeu se seer poot en begin versigtig die doring uit Leeu se poot trek. Dit is ook nie lank nie of Muis wys vir Leeu die groot doring wat hy uitgetrek het.

Dit voel sommer baie beter!

"Dankie, o, baie dankie dat jy my gehelp het, Muis," sê Leeu verlig.

"Nou verstaan ek eers hoe iemand so klein soos jy iemand so groot soos ek kan help!"

En wat dink Muis?






Laerskool Mikro Kopiereg ©